TAALMONUMENT SE 50STE JAAR

Een kraal, ’n paar hutte en hopeloos te veel dorpsidiote

Afrikaans is nie ’n Nederlandse gewelhuis met baie kamers nie; dis ’n kraal met ’n klomp hutte, meen die skrywer-aktivis BETTINA WYNGAARD. Sy druk ook sommer haar vinger op die grootste gevaar vir die taal.

25 FEBRUARIE 2025 VRYE DENKER

5 MIN OM TE LEES

Bettina Wyngaard
Skrywer en aktivis

Deel

Een kraal, ’n paar hutte en hopeloos te veel dorpsidiote

ANGELA TUCK

“HOE vertaal mens ‘magistraat se moer’?” het Shaleen Surtie-Richards een slag gevra toe daar sprake was dat *Fiela se kind* in Engels opgevoer sou word. Inderdaad.

Sy het verstaan, op ’n instinktiewe manier wat baie taalkundiges en sprekers van die taal nie verstaan nie, dat dit nie net ’n woord self is wat ’n konsep oordra nie, dit gaan ook oor die emosie wat daarmee saamgaan, en die kollektiewe geheue wat daaragter lê. Dink maar aan “hulle weet nie wat ons weet nie” of “ons is nie almal so nie” of “my fok, Marelize”, om maar enkele voorbeelde uit ons onlangse verlede te noem. Dan is daar “aweh masekin” of “howzit”. Kom ons praat eerder nie oor die oorronde “a” wat Pretorianers gebruik of Malmesbury se bry nie. Soms hoef mense net een woord te sê, en dis moontlik om met redelike akkuraatheid hulle komvandaan te bepaal.

Kort ná die Amerikaanse verkiesing kontak ’n akademikus aan een van hul groot universiteite my. Sy vra my oor Elon Musk se Afrikanerskap, en is toe baie verbaas toe ek haar meedeel hy is nie een nie want hy is nie Afrikaanssprekend nie. Vir iemand wat in ’n land leef waar net een taal erken word, is dit seker moeilik om te begryp hoeveel van ons identiteit vasgevang word in die taal wat ons praat. Dit kan ’n beklemmende veronderstelde identiteit word. #onsisniealmalsonie het nie verniet so ’n gewilde hutsmerk geword nie.

Is ek ’n Afrikaner, was haar volgende vraag. Nee, want ek is nie wit nie. Nota: ek is bewus van die poging om bruin Afrikanerskap te probeer bevorder, maar dis waar ek my eie #onsisniealmalsonie-oomblik beleef. Ek is ’n Afrikaan, gebore uit die grond van Afrika, finish en klaar.

Die baas-gevaar

In hierdie jaar waar Afrikaans as amptelike taal haar

Afrikaans te bepeins en ook my eie komplekse verhouding daarmee. Afrikaans is die taal waarin ek bid, huil, lag, kwaad word en liefde uitdruk. Dis die verstektaal waarnatoe ek

terugkom wanneer emosie my tong laat knoop. Dis die taal waarin ek verklempt word en die taal waarin ek oorstelp word.

Maar wanneer ek ’n SWOT-analise van die taal doen, word ek met een onrusbarende feit gekonfronteer. Daar is heelwat te sê oor die Strengths, Weaknesses en Opportunities in die SWOT, maar die grootste Threat? Dis nie Bela of die verskraling van Afrikaans as wetenskaptaal nie. Die grootste bedreiging is die mense wat baasskap daaroor wil uitoefen.

Ek is nie eintlik meer op sosiale media nie, maar ’n vriendin stuur vir my ’n plasing wat prof. Wannie Carstens op Facebook gemaak het. Hy sê as volg: “Een van die aspekte wat ’n taal se groei of kwyn bepaal, is die taal se beeld onder nie-sprekers van die taal. En die beeld van Afrikaans as taal word groot skade aangedoen weens Trompie en sy bende se dinge. En die reaksie van sommige Afrikaanse mense daarop. Dit bevestig negatiewe patrone van die verlede … Nou word almal weer met dieselfde kwas besmeer.”

Hy verwys na die dorpsidiote wat “Die Stem” sing, maar dit bedoel vir een klein groepie, wat Afrikaans praat maar dit wil toe-eien vir net sommiges.

Kraaltaal se kwilt van boeke

Ons vergeet soms dat Afrikaans nie ’n Europese gedoente is nie. Dis ’n kreooltaal gebore uit Afrika. Afrikaans is nie ’n Nederlandse gewelhuis met baie kamers nie, dis ’n kraal met ’n klomp hutte. Afrikaans is ’n karos waaronder al haar kinders moet lê, en waar daar meer as een dag ’n stoeiery is wanneer iemand voel hulle word nie behoorlik toegemaak nie. Die gevaar kom wanneer een van die kinders die karos wil skeur eerder as om dit te deel. Dan word almal benadeel. Niemand word bedek nie.

Een kraal, ’n paar hutte en hopeloos te veel dorpsidiote

Raai wat? Afrikaans se vyande hoef dan boonop niks te doen nie. Hulle kan maar net, popcorn in die hand, agteroorsit en toekyk terwyl ons mekaar verskeur.

In hierdie eeufeesjaar en jubileejaar moet ons Afrikaans eerder as ’n kwilt sien, een waar dit juis die verskillende kleure in die afsonderlike blokkies is wat die geheel mooi en uniek maak. Ek is gelukkig genoeg om deur boeke omring te wees, so laat my toe om my Afrikaanse kwilt uit literatuur saam te stel.

Hier lê *Bientang, Plunder, Kinderlê, In glas, Moerstaāl, Narreskip, Misfit, Onrus op Steynshoop, Die man wattie kinnes vang, Gebeente, Eugene, Decima* en *Een voet innie kabr* knussies sy aan sy in die tapisserie wat met die kleurvolle garing van Afrikaans aanmekaar geheg word. Moenie vergeet van Marita van der Vyver, Veronique Jephtas, S.J. Naudé, E.K.M. Dido, Breyten Breytenbach en Adam Small nie. Daar is Braam de Vries, Diana Ferrus, Chanette Paul, Anzil Kulsen

Een kraal, ’n paar hutte en hopeloos te veel dorpsidiote

Dis ’n kwilt wat kleurvol is juis ’n omdat die stukkies so verskil van mekaar. *Een voet innie kabr* maak ’n geleefde ervaring oop in Afrikaans wat niemand anders nog kon bring nie, en wat

Standaardafrikaans met die beste wil ter wêreld nie kan openbaar nie. *Onbeskryflike genade* bring ’n perspektief waarsonder ons almal armer sou wees, so ook *Onder ’n bloedrooi hemel*.

Die lys gaan aan en aan, van skrywers en digters en dramaturge en liedjiesangers, van woordsmede wat aan die Afrikaanse tapisserie weef en werk.

Maar die onbesonge helde en heldinne is die mense wat Afrikaans praat en vloek en bid en sing, die mense wat oor grense heen uitreik in die taal van hul harte. Dis nie die dorpsidiote wat Afrikaans van life support gaan afhaal en weer aan die lewe kry nie. Dis die blommeverkoper in Adderleystraat, die straatveër in Kariega, die beesboer in die Vrystaat wat hand uitsteek en help bou.

Dis hulle wat gaan sorg dat Afrikaans gedy. Dis hulle wat die maanlig op die Taalmonument oor nog 50 jaar sal vier.

- *Hierdie artikel is deel van ’n reeks ter viering van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) se 50ste bestaansjaar. Die menings uitgespreek is dié van die skrywer. Volg die ATM op taalmuseum.co.za en sosiale media.*

♦ VWB ♦

NEEM DEEL AAN DIE GESPREK: Gaan na heel onder op hierdie bladsy om op hierdie artikel kommentaar te lewer. Ons hoor graag van jou, maar hou by ons kommentaarbeleid.

Verwante Artikels

Geen taal behoort tot die verlede nie

Anastasia de Vries
5 min om te lees

Een kraal, ’n paar hutte en hopeloos te veel dorpsidiote

Bouwer Bosch
7 min om te lees

Afrikaners is kwaad, maar nie boos nie

Flip Buys

6 min om te lees

Noem my maar ’n Afrikaner, Ernst

Ali van Wyk
11 min om te lees

Vat hande, almal van Kanaries tot Milans

Ali van Wyk
16 min om te lees

Kom ons dekoloniseer Afrikaans

Max du Preez
10 min om te lees

Die SA Inheemse Talemonument (of so iets)

Neil Sandilands
16 min om te lees

Deel

Bettina Wyngaard

Skrywer en aktivis

Bettina Wyngaard is ’n leser wat soms stories pleeg. Sy is die skrywer van Troos vir die gebrokenes (wenner van die Jan Rabie/Rapport-prys) en die misdaadromans Vuilspel, Slaafs, Jagter en Lokval.

BLY OP HOOGTE. REGISTREER NOU EN ONTVANG ONS WEEKLIKSE NUUSBRIEF.

REGISTREER